**Reeks:** Geloofsgewoontes wat Lewe Gee...
**Titel:** ...Lament
**Prediker:** Johan Geyser
**Datum:** 25 September 2011

mosaiek
daniellestraat, fairland 2030
posbus 1658, fairland 2030
t: 011 268 4700
f:011 268 4800
info@mosaiek.com
www.mosaiek.com

---

Ons sluit ons reeks af oor geloofsgewoontes wat lewe gee deur na lament te kyk. Lament beteken om te huil, om te treur, om te rou, om te ween, om te kla. Miskien dink jy dadelik dis bietjie negatief. Dit gee nie energie nie. Dit gee nie lewe nie. Inteendeel, dit vat dit weg. Maar Jesus het gesê as jy wil bly wees dan moet jy huil, dan moet jy ween. Jy moet leer om dit te doen.

Hy sê dit as 'n rabbi met 'n tradisie en 'n kultuur waarin lament 'n baie belangrike rol gespeel het, en dis vir ons baie duidelik as ons na die Ou Testament kyk en die boeke oopmaak, dat dit vol lament is. Inteendeel, daar is 'n hele boek, Klaagliedere, wat net hieroor gaan. So is daar die boek Prediker en Job en ander gedeeltes in die Ou Testament wat groot gedeeltes wy aan die gebruik van lament. Dit was 'n groot deel van die Joodse lewe gewees. Jaarliks het hulle deur die tye gegaan van lament.

Die groot versoendag was die dag waarin 'n bok geneem is. Die hoëpriester het die sondes gelees, genoem, van die volk, van homself, en dan is hierdie bok gevat en deur die volk gelei, en dan het hulle aan hierdie bok gevat, en dit is waar die spreekwoordelike sondebok vandaan kom. En buite Bybelse geskrifte sê vir ons dat jy nog nie lament gesien het as jy nie Israel op die groot versoendag gesien het nie. Hulle het geween as hulle 'n oorlog verloor het, as hulle 'n stad verloor het. As iemand doodgaan het hulle in lament gegaan. Dit was so deel van hulle lewe dat hulle... dat dit 'n beroep was. Daar was professionele lamenters. Ek weet nie of mens so 'n naam kry nie maar... en dit was vrouens. Hulle is meer geskik daarvoor seker.

In Jeremia 19:17-19 praat die Gees van die Here deur die profeet en dan sê Hy dinge lyk nie goed nie, gaan haal die vrouens om te ween, en dan sê Hy hulle wat skilled is, en laat hulle ander leer en ander help om dit ook te kan doen, om lament te kan beoefen, en hulle het dit met oorgawe gedoen. Hulle slaan op hulle bors. Hulle trek hulle hare uit. Hulle skeur hulle klere. Hulle gaan sit op 'n ashoop soos Job, gooi as oor hulle koppe.

Jy weet, ek het al gewonder hoekom het die Here die Israeliete gekies as 'n volk om Hom deur uit te druk. Kyk, Hy het hulle nie gekies... verkies tot saligheid nie. Hy het hulle verkies tot diens, en ek wonder of dit nie is dat Hy gevoel het, maar deur hierdie klomp slawe sal Ek My die beste kan uitdruk. Jy het nie gewonder as 'n Jood nie lekker voel nie. Dit wat hier binne was het uitgekom, en dis wat lament is, om die pyn, die seer wat hier in jou is te laat uitkom en dit te wys.

Een van my grootste verleenthede in my lewe was toe ek as 'n tienerseun iets van lament gelees het in die Bybel, net nadat ek besluit het om 'n volgeling van Jesus te word. Dit het geresoneer met iets diep binne-in my. Ek het 'n diepe sondebewussyn gehad, en ook van wat in die wêreld aan die gang is. Ek onthou ek het Jeremia gelees waar die profeet Jeremia, wat bekend gestaan het as die huilende profeet, die profeet van lament, waar hy sê hy hoor die vrouens in Rama huil. Hoor julle die pyn, die groanings van die wêreld, van die aarde, van die mense. En ek het gedink ek wil dit ook doen soos hulle dit gedoen het.

Ek het vir niemand gevra nie, nie 'n boek daaroor gelees nie, maar nou moet 'n ou 'n plek kry, en ek het besluit om op 'n baie stil tyd op 'n Saterdagmiddag uit te gaan net buite die dorp na die stortingsterrein toe waar daar ashope was. Ou klere aangetrek, daar gekom, daar is niemand nie, gaan sit, my klere begin skeur, as op my kop gegooi en begin te huil, en toe ek my oë oopmaak toe stop die burgemeester met die raadslede voor my en hulle kyk my net so, en nou weet ek nie wat om te doen nie. My vrymoedigheid om aan te gaan is half weggeneem. Toe wys ek vir hulle, nee, ek is okay, ek is okay met as en trane wat so... ek is okay. Hulle het so 'n ruk gesit en... doodstil, en toe ry hulle so stadig weg en almal kyk so agtertoe, wat gaan nou aan daar. Ek het toe vinnig maar opgepak en gegaan. Ek is bang vir die psigiatriese ondersoekspan of ouens wat kom.

Maar dit is hoe die Jode dit gedoen het, totaal oorgegee daaraan, jy weet, en dis die rede. Die die rede. Om te deel met dit wat die wêreld na my toe bring. Ek voel dit wat gebeur is nie reg nie, jy weet. Daar is nie genoeg liefde nie. Daar is nie genoeg skoonheid nie. Daar is nie genoeg regverdigheid nie, en ek kan dit nie aanvaar nie. Dis nie 'n daad van ongeloof nie, soos wat baie vandag sal sê nie. Inteendeel, jy gee nie op op die lewe nie. Dis juis hoekom jy huil. Jy draai nie jou rug op God nie. Jy gaan juis na Hom toe en sê vir Hom, hoe lank nog?


**© 2011 Mosaïek**

Hoekom gebeur hierdie goed? Dis mos nie reg nie, en dit gaan jou pad langs kom want daar is onreg, daar is mislukking, daar is verhoudings wat opbreek.

mosaïek
daniellestraat, fairland 2030
posbus 1658, fairland 2030
t: 011 268 4700
f:011 268 4800
info@mosaiek.com
www.mosaiek.com

Daar is goed wat gaan kom. Winter kom ook, en die lewe is seisoene, en dis die rede hoekom... lament was die manier waarmee ek werk met hierdie goed wat my pad langs toe kom, met lyding en met pyn. As ek nie deur lament daarmee werk nie kan daar niks uit gebore word nie. Ek kan nie na 'n transformasie en 'n opstanding toe beweeg nie. Jy beweeg dan na 'n fantasiewêreld of 'n bitter wêreld. Jy ontvlug in jou kop met fantasieë. Jy breek met realiteit en met werklikheid want jy aanvaar dit en erken dit nie wat met jou gebeur nie. Jy kan dit baie ander goed noem, maar jy begin lugkastele te bou en daarin te leef.

'n Ruk gelede praat ek met 'n man en 'n vrou wat besig is om te skei, en sy sê sy kan nie meer nie. Sy kyk nou al vir tien jaar na hom. Hy is tien jaar besig met hierdie groot, ingewikkelde finansiële transaksie van geld wat skuif in die wêreld en geld, miljoene, wat gaan losraak, maar die realiteit is dat sy vir hom die heeltyd moet sorg en dat hy niks anderster wil doen nie, en sy voel hy het gebreek met werklikheid.

Ek praat met hom. Ek sê vir hom... ek probeer die spieël ophou en sê jy besef wat nou gaan gebeur in jou huwelik en wat jou vrou gaan doen. Jy verstaan hoekom. Hy sê binne twee weke. Sy sê hy sê dit al vir vyf jaar, binne twee weke, maar hy vat nie 'n ander werk nie. Hy doen niks anderster nie. Hy wil ook dadelik my probleme, ons kerk se probleme oplos, belowe miljoene as dit nou kom, maar dit het... dit is nou al 'n hele ruk. Dit gaan nie kom nie. Dis 'n fantasiewêreld en daar het 'n breuk gekom met realiteit.

Of jy raak bitter, jy verwyt. Hoe kon hulle dit aan my doen? Jy is kwaad. Jy sit met hoë aggressie binne in jou. Jy is demanding. Jy verwag die heeltyd en kyk die heeltyd uit na 'n redder, na iemand wat sal kom om reg aan jou te laat geskied, om die onreg wat aan jou gedoen is weg te neem, en jy is vasgevang in daardie wêreld, soos die oudste seun in die gelykenis van die verlore seun, bitter. Ek het so hard gewerk en kyk wat gebeur met my. Ek kry dit nie. Die lewe is onregverdig. My drome en dit waarna ek uitgesien het het nooit waar geword nie. Ek verdien dit nie wat met my gebeur nie, vasgevang in daardie plek. Jy kan nie aanbeweeg nie. Jy kan nie aangaan nie.

Daar is 'n dood wat moet plaasvind. Die lyding waarmee jy sit, jou lewe wat jy gehad het gaan nie meer wees nie, en dit is hoekom dit baiekeer so seer is vir ons om dit te aanvaar. Ons moet dit laat gaan sodat ons kan aanbeweeg, sodat daar 'n opstanding kan kom. Daar moet 'n nuwe lewe kom, en dit gaan met pyn gepaard gaan. Lament is die Bybelse manier om daarmee te werk. Vanmôre, drie eerste tree om in te stap in lament in. Die eerste ding is aanvaar jou realiteit en die realiteit van jou lewe.

Ons almal het 'n manier waarop ons omgaan met realiteit. Realiteit is dit wat regtig is. Realiteit is waarheid. Ons relate en ons het 'n houding teenoor die realiteit van ons lewe. Daar word vertel dat neurotiese mense bou lugkastele. Psigotiese mense gaan bly in daardie kastele. Dan kry jy nog 'n soort, psigiaters. Hulle vorder die huur in van die mense wat daar bly, net so siek, maar in elk geval, dis 'n humoristiese manier om iets te sê van hoe ons na realiteit kyk.

Ons wil nie realiteit aanvaar baiekeer nie, en hoekom nie? Ons buig hom. Hoekom? Omdat dit seer is. Dis nie lekker nie, jy weet. Ons verdedigingsmeganismes is 'n manier om realiteit te buig, om dit meer aanvaarbaar te maak dat ons daarmee kan leef, dat ons gemaklik kan bly, jy weet. Wat is rasionalisasie? Rasionalisasie is om verskonings uit te dink om die werklike redes te verskans, dis wat dit is. Kom eet saam met my, 'n vyand, iemand wat jy nou glad nie... o, ek is verskriklik besig. So? Kan besige mense nie eet nie? Dis nie die eintlike rede nie, maar dis net my maklike manier om te deel met die realiteit van wat hier aan die gang is.

Ontkennning. As iemand sê denial, dis nie 'n rivier in Egipte nie, hoor. Ontkenning is om nie dit wat ek voel hier binne in my te aanvaar nie. Ek noem dit iets anderster, asof dit dan skielik iets anderster sal word. Dis pyn. Ek laat my nie toe om dit te voel nie. Dis ontkenning. Projeksie, dit wat ek nie kan aanvaar in myself waarmee ek sit nie sien ek in al die ander mense raak. Jis, maar hy is darem 'n vreeslike kwaai ou. Sjoe. Ek haat kwaai mense. Ek haat mense wat haat. Dis waarmee jy sit. Reaksie reformasie is seker een van die ergste vorme. Dis om daardie gevoel waarmee jy sit te vervang met iets anderster. Ek is verskriklik bly. Ek wens ek kan jou doodmaak hier binnekant, en die probleem is ons doen dit. Dis hoe ons omgaan baiekeer met realiteit. Jesus sê Ek is waarheid. Jesus sê waarheid sal jou vrymaak. Waarheid sal jou vrymaak.

Thomas Merton sê God is far too real to be anywhere else but in reality. Die ou woestynvader, Abba Anthony, het gesê, Antonie het gesê, if you want to ascend to God you've got to descend into your reality. Die probleem is as jy breek met realiteit dan raak jy disfunksioneel en jou lewe disintegreer, en as ons so omgaan met die lewe begin


**© 2011 Mosaïek**

mosaiek
daniellestraat, fairland 2030
posbus 1658, fairland 2030
t: 011 268 4700
f:011 268 4800
info@mosaiek.com
www.mosaiek.com

ons lateraan die leuen te glo. Ons verruil die waarheid vir die leuen. Dis nie hoe dit is nie, sê ons. Ons verruil dit vir die leuen.

Dis nie so dat jy leuens vertel nie, dis dat jy die leuen word en jou lewe breek met realiteit, en daar is geen lewe in dit nie, en dis die plek waar ons baiekeer sit en ons sê, maar waar is God. Ewe skielik kom ons en ons maak ons oë oop omdat ons nie realiteit wil aanvaar nie. Ons wil dit nie sê en kyk na dit, hoe dit eintlik is nie. Daar moet 'n ruthless dedication to reality wees in ons lewens as jy die Christen pad wil stap, aan Jesus, want Hy is waarheid.

In hierdie dramatiese voorstelling, ek weet nie, die van u wat die Bybel ken het seker herken, dit is alles skrifte wat genoem is deur die voorstelling vanmôre, deur hierdie drama of voorlesing wat hier plaasgevind het. Dis alles skrifte, en jy kry 'n wonderlike patroon, as jy agtergekom het. Dis eers... Walter Brueggemann sê, daar is ook sulke psalms ook, dis alles oriëntasie. Dis so positief. Die Here is my Herder Niks sal my ooit ontbreek nie. Al gaan ek deur 'n dal van doodskaduwee, ek sal nie vrees nie. Dit laat my dink aan ek is 'n dapper muis, man. Ek gee... daar is niks wat ooit probleme sal wees nie, nê.

Daardie selfde ou skryf Psalm 3 en hy skryf Psalm 142 en hy skryf 'n paar ander Psalms. Waar is U, o God? Hoe lank gaan ek nog... maar jy het dan nou net gesê jy sal... nou wat is jy nou so bang? Want dis hoe die lewe is. Dis nie net somer nie. Skielik is daar 'n disoriëntasie wat plaasvind. Dis asof my lewe uitmekaar uit begin val. Ek het nie beheer nie. Ek kry 'n curveball en skielik sit ek met hierdie seer realiteit in my lewe. En dan kry jy weer die Psalms van heroriëntasie. Daar aan die einde kom ons weer terug en ek sê dit is hoe dit is, maar God sal my help. Hy het my gehelp. Ek sê vir my siel, siel, wat is jy so bedroef in my? Daar is 'n God. Hy sal deurkom vir jou al voel jy Hom nie nou nie, al sien jy Hom nie nou nie, al wonder jy. Hy is daar. Ek sê dit vir my nou. Ek kan dit nie voel nie. Dis so moeilik om nou te glo maar ek... dis heroriëntasie.

Nou baie van ons wil nie gaan na die disoriëntasie toe nie. Die Bybel is vol daarvan. Daar is boeke daaroor. Boeke is daaroor, maar ons haal daardie dele uit die Bybel uit, nê? Ons vorm 'n teologie in die somer, maar pasop, pasop want Hy gaan jou nie kan help of dra deur die wintertyd van jou lewe nie. Dis gevaarlik. Dis gevaarlik. Dis populêr. Dis die mees populêre boeke wat verkoop. Dis die mees populêre teologie. Dis wat ons so graag wil hê, maar oppas, oppas om 'n teologie te vorm van die beter oomblikke van jou lewe.

Jy kan die Bybel waardeer in die somer van jou lewe vir sy inspirasie. en jy kan die Bybel waardeer in lente vir sy beloftes van wonderlike goed wat vir jou voorlê, maar in die winter kan jy die Bybel ontdek as 'n egtheid, vir sy roue egtheid soos wat die lewe is, eerlik. Hy is daar, want as jy na jou lewe kyk en die realiteit van jou lewe in die gesig staar dan is daar lament nodig vir jou verliese, vir jou mislukkings, nie net vir... ook vir dit wat jy nog nie gekry het nie, vir drome wat nie waar word nie, vir drome wat nie gaan waar word nie, vir honeymoons wat verby is vir altyd, en wanneer jy dit in die gesig staar dan sal jy daardie rou materiaal kry vir lament, en dan, laat jouself toe om dit te voel, die pyn.

Ons leef in 'n wêreld, alles is controlled, alles is beheer. Beheer jou emosies. Nou, ek weet nie of jy al probeer het nie. Dis nie so maklik nie. Analiseer jou emosies, verstaan jou emosies, maar eintlik is emosies om te voel. Voel jou emosies eers voordat jy enige iets anderster doen. Voel jou emosies. Baie van ons wil nie. Baie van ons kan nie. Ons kan nie want ons is afgesny. Ons kan nie want dit is morsdood hier binne in ons. Ons kan nie want dit is chaos hier binne in ons. Ons hou aan hardloop. Ons staan nooit stil nie. Ek wil niks negatief in my lewe hê nie. Ek wil nie soontoe gaan nie.

'n Baie goeie vriend van my, hy is 'n dokter. Hy en sy vrou is ook besig om uitmekaar uit te beweeg nou. Sy groot voorwaarde is ons kan aangaan maar ons praat nooit weer oor die verlede, ons kyk nooit weer terug nie. Sy sê, maar ek kan nie. Ons moet deur goed werk wat gebeur het. Hy sê dan gaan ons nie aan met hierdie huwelik nie. Ek sê vir hom, hoekom nie? Hoekom wil jy nie terugkyk nie? Hy sê ek sal van my kop af raak as ek na daardie goed toe moet gaan. Ek wil nie. Ek is bang. Ek is bang. Wat... netnou raak ek koekoes as ek hierdie goed... ons is bang vir dit.

Ons kan nie want ons is afgesny. Sommer van kleins af is baie van ons geleer om binnekant glad nie te voel nie. Cowboys don't cry. Nee man, kom nou, ruk jouself reg, man. Jy is nie 'n sissie nie. Mag nie voel nie, en veral mans, en party van ons is baie sensitief as mans, baie, maar ek mag nie soontoe gaan nie, en om te treur beteken ek laat myself toe om dit te voel, die pyn. As jy daardie plekkie afskakel in jou kan jy ook nie die goed voel nie, dis die probleem. Jy is nie... jy het nie so 'n generatortjie hier binnekant in jou wat jy kan sê kom ek haal hierdie rooi plug uit en ek laat net die groen plug werk nie. Dis een stroom. Dis die voel stroom, en as jy die slegte uithaal dan gaan jy ook nie die goeie meer kan voel nie. Dis die probleem. Dis hoekom jy in emosionele narkose ingaan.




© 2011 Mosaïek

mosaïek
daniellestraat, fairland 2030 ◆
posbus 1658, fairland 2030 ◆
t: 011 268 4700 ◆
f:011 268 4800 ◆
info@mosaiek.com ◆
www.mosaiek.com ◆

'n Vrou wat baie welaf is het die gewoonte om goed te vat in die winkels sonder om te betaal daarvoor. Sy is 'n kleptomaan. Sy steel. Vra vir haar hoekom. Ek weet nie. Ek het nie nodig om dit te doen nie. Na ondersoek en terapie kom sy agter dis exciting. Ek weet nie, dis... dit laat my voel ek lewe. My lewe is eintlik verskriklik boring.

'n Man is in 'n affair. Hoekom? Ek weet nie. Ek is lief vir my vrou. Ek is lief vir my kinders. Na ondersoek, maar eintlik is ek morsdood in my. Ek kan niks voel meer nie. My lewe is boring, alles. Niks excite my nie meer nie. Toe ek in hierdie ding betrokke raak toe voel ek weer lewe. Daar is excitement. Ek sien uit. Dit gee my 'n rede om op te staan. Ek... dit... jis, dit is net weer lewe. Dis hoekom ek dit doen.

'n Jong outjie is 'n paar maande getroud. Hy besluit om te skei. Hoekom? Sy maak my ongelukkig. Hoe so? Wat het jy verwag? Nee, sy moet my happy maak. Ek sê dit sal ook kom. Nee, maar die verwagting is ek wil nie soontoe gaan nie. Ek wil niks negatief in my lewe... ek is nie bereid om dit te vat nie. Ek wil net die positiewe goed hê, en as die negatiewe goed... dan raak ek ontslae daarvan in my lewe.

Die probleem is jy raak ontslae van alles in jou lewe. Jy moet voel. Laat jouself toe. As iets in jou opstaan en resoneer en daar word 'n snaar geslaan en iets wel in jou op, dan laat jy dit toe. Jy treur. Jy laat die pyn wat in jou is, jy erken dit. Jy gee erkenning daaraan. Jy noem dit by sy naam. Dis seer. Dis seer. Ek wil dit nie hê nie. Hoekom? Dan kom dit uit, en Jesus sê as jy dit doen dan sal jy vertroos word. Moenie bang wees om soontoe te gaan nie. God is met jou. En as jy oorweldig word, want dit kan gebeur, veral as jy heeltemal afgesny is dan kan dit gebeur dat jy totaal oorweldig word, gaan dadelik na iemand toe wat jy kan vergesel en wat iets weet van die innerlike funksionering van die mens se psige.

Maar Jesus sê die trooster sal na jou toe kom in die donkerste nag. In die langste nag van jou winter kan dinge begin te draai. Jy sal vertroos word. Dis waar jy God kan vind. Dis wat Johannes van die kruis gesê het. In die donker nag van die siel doen God Sy grootste werk in jou. Jy kry Hom nie net in die oorwinning nie. Jy kry Hom nie net in die goed as dit wonderlik is nie. Jy kry Hom juis daar, maak Hy jou skoon, verander jy, transformeer Hy jou, bring Hy iets nuuts tot stand. Voel dit. Beweeg aan na heroriëntasie toe.

Vat ook die nuwe lewe wat daar is. Vat dit ook. Jy weet, ons is nie gemaak om te bly in lament nie. Lament is nie ons huis nie. Die vrug van die Heilige Gees is nie depressie en hartseer nie, maar die pad na blydskap toe en die vrug is dikwels daardeur, en party van ons is geroep om meer daar te leef as ander, soos die profeet Jeremia as die huilende profeet was juis geroep om ander by te staan, en ons het daardie vermoë om die pyn te kan dra en te kan lewe saam met ander, maar ons moenie haak nie. Ons moenie daar bly nie want die doel is nie lament nie. Die doel is blydskap, is die vrug van die gees, is liefde, is 'n transformasie, is 'n nuwe lewe wat moet stand kom.

Die doel van die pyn is 'n nuwe lewe. Net soos wat fisiese geboorte gepaar gaan met pyn gaan die geboorte van 'n nuwe jy, identiteit en waardes en verantwoordelikheid, gepaard met pyn, so wanneer jy deur daardie pyn gaan kan jy dit assosieer met geboorte, iets goeds. Jy kan dit assosieer met die einde, dit gaan net erger, of jy kan dit assosieer met dit kom, die nuwe lewe kom. Dit gaan deurbreek. 'n Nuwe ek gaan tot stand kom.

Ek dink 'n goeie voorbeeld, metafoor, prentjie hiervan is 2 Samuel 12. Dawid se seun lê op sterwe en Dawid rou. Hy huil. Hy skeur sy klere. Hy wil nie eet nie. Hy kom nie uit sy kamer uit nie. Die kind sterf. Die diensknegte is bang. Hulle trek lootjies. Wie gaan hom sê? Ek gaan hom nie sê nie. Julle het gesien hoe lief het hy hierdie kind. Hy is amper van sy kop af en nou moet ons nog vir hom sê die kind is dood ook, en uiteindelik val die lot op 'n dienskneg wat ingaan en hy sê moet my net nie doodmaak nie, maar asseblief, jou kind is dood, en Dawid sê dankie. Hy staan op, hy trek aan, hy was, hy gaan eet en hy gaan slaap by sy vrou, en Salomo word gebore. En hulle sê, wat nou? Hy sê, nee, dis... my kind is dood. Sy lewe is verby. My lewe is nie verby nie. Hy vat sy nuwe lewe. Hy embrace sy nuwe lewe en 'n nuwe lewe kom tot stand.

Ek het 'n interessante teksvers raakgeloop in Psalm 56:9 waar Dawid sê U vang my trane op in 'n kruik, en dit was vir my 'n baie vreemde uitdrukking, en ek het dadelik na die Bybel in die oorspronklike teks toe gegaan en gesê was dit 'n gebruik gewees om trane op te vang in 'n kruik, waaroor gaan dit. En wat hy eintlik sê daar is die woord kruik, en ek is seker daar is 'n Engelse vertaling wat dit sal sê, my winemaking bottle. Dis 'n spesifieke kruik wat gebruik is om wyn in te maak, so hy sê U vat my trane en dan maak U wyn daarvan, iets lekkers, iets goed. Jy weet, dis nou trane, maar as jy kyk oor 'n paar jaar dan sê jy, jis, 2011 was 'n goeie jaar, hoor. Proe hom net. Kyk wat is gebore uit hom uit. Kyk wat het gekom uit dit uit.


**© 2011 Mosaïek**

mosaïek
daniellestraat, fairland 2030
posbus 1658, fairland 2030
t: 011 268 4700
f:011 268 4800
info@mosaiek.com
www.mosaiek.com

Die gebruik van lament is natuurlik nie net beperk tot die Christene en die Jode nie. Dit bestaan in baie ander godsdienste en in baie ander kulture van die wêreld ook, en vandag het dit voortgeleef, en dis interessant, selfs in die Ou Testament, watter vorme van lament aangeneem is. Jy weet, 5 v.C. toe bring hulle drama en musiek en tragedie ... ingekom om juis met lament te deel en mense te help om te connect. Ek dink ons film... jy weet, baie van die goed help om jou te connect met en jou te vat na daardie plekke toe hier binne in jou, en vandag het die Jode 'n paar gebruike, nog steeds, om hierdie gebruik van lament te beoefen.

Shiva is een van hulle, die sitting saam met iemand wat doodgaan, sewe dae, soos met Job, sonder om te praat, Kaddish, en die klaagmuur in Israel is een van die plekke wat spesifiek daargestel is, en wat jy doen is jy skryf jou pyn, jou klagte neer en jy gaan sit dit in daardie muur as 'n gebed, as 'n roep na God. Here, hoor my, sien my. Jy word vanmôre uitgenooi. Jy het 'n papiertjie ontvang. Ons het so, nie 'n wonderlike muurtjie gebou hierso nie, maar wat sy doel dalk kan dien, en as ons afgesluit het is jy welkom om net daardie kontak te maak met dit, en miskien het jy dan 'n tydjie nodig vanmiddag ook, en as hy in die volgende tydperk, wanneer dit na jou toe kom, want hy kom na jou toe, wanneer jou aandag soontoe gaan, wanneer jy weer gekonfronteer word met hierdie realiteit van jou lewe dan kan jy dit vat, maar wanneer dit nie meer so intens is nie, die periodes langer uitmekaar word, korter word, is dit 'n baie goeie teken dat jy vorentoe gaan.

As jy haak en jy bly sit op 'n plek van selfbejammering, van woede, van verwyt, van bargaining, dan is dit baie belangrik dat jy by iemand uitkom wat saam met jou kan loop op hierdie pad, maar jy is welkom om dit vanmôre te doen. En ek wil afsluit met die woorde van Henri Nouwen, so 'n amper hedendaagse profeet wat sê, mourn, my people, mourn. Let your pain rise up in your heart and burst forth with sobs and cries. Mourn for the silence that exists between you and your spouse. Mourn for the way you were robbed of your innocence. Mourn for the absence of soft embrace, an intimate friendship, a life giving sexuality. Mourn for the abuse of your body, your mind, your heart. Mourn for the bitterness of your children, the indifference of your friends. Cry for freedom, for salvation, for redemption. Cry loudly and deeply, and trust that your tears will make your eyes see that the Kingdom is close at hand, yes, at your fingertips.

Hemelse Vader, ons dank U dat ons vanmôre hier kan saam wees, en ons word in hierdie lewe dilwels gevat na plekke toe waarheen ons glad nie wil gaan nie en ons staar verlies, ons staar depressie, en ons staar verhoudingsbreuk, en ons verstaan... staar soveel goed in die gesig wat ons vat na ons gebrokenheid toe, wat ons vat na ons sondes toe, wat ons vat na die sondes van die wêreld toe en dis so seer. Help ons vanmôre.

U weet waar elkeen van ons is. Help ons om realiteit te aanskou. Help ons om U te vertrou. Kom, o, Trooster, versterk ons en maak ons oë oop dat hierdie geboorte en transformasie plaasvind. Help vir ons wat al verder op die pad is om hierdie nuwe lewe te omhels, aan te gryp, op te staan, te eet, te bad, nuwe lewe te maak. Ek dank U daarvoor, Vader, in die naam van Jesus. Amen.

Mag die vertroosting van die Heilige Gees met elkeen van julle wees en bly. Amen.

die kuns van lewe!


**© 2011 Mosaïek**